gemeen in midde-Oosterse gebiede toegepas om vrugte te behou en te laat ryp word sonder dat bestuiwing plaasgevind het.

In teenstelling met die skoonheid wat die bonsaikweker in die Wildevy sien en daardie mooiheid in kleinheid vertroetel, lê die mooiheid van Wildevye eintlik in grootheid. A.G. Visser besing die skoonheid van die wonderboom in Die Boervrou van Desember 1926 met die volgende woorde.

Kom na my skaduwee edele vrou,
Rooi soos safier gloei my vrugte vir jou
Groen soos papirus my blare altemaal
Dof glim my stam met die kleur van opaal
Send dan aan hom wat jou hart reeds bemin
Heimlik 'n brief met die boodskap daarin:

"Koel is die skaduwee, sag vloei die stroom
Soeter die werklikheid hier as 'n droom.
Brood om te breek, goue wyn om te skink,...
Liefde uit die kelk van my boesem te drink.
Kom, my beminde, want liefde alleen
Kan aan die oomblik duurte verleen!"

Edele vrou, net my blare hier fluister;
Niemand wat liefde beloer en beluister.
Hier is jy veilig beskerm deur my loof
Blind is ek - siende! - en horende... doof!

Wildevye resorteer onder die moerbeifamilie. Die mees uitstaande kenmerke van die genus is die teenwoordigheid van die melksap, die vrugtipe wat as sikonuim bekend staan en die stipule wat die groeipunt en jong blare bedek. Van die ongeveer 1000 bekende soorte kom omtrent 300 soorte in Afrika en 24 in Suid-Afrika voor.

SUID-AFRIKAANSE WILDEVYE

In Suid-Afrika word Wildevye in alle tropiese dele aangetref. Behalwe in beskutte, klipperige rantjies en droë rivierlope, kom vye nie in die koue hoëveldstreke en woestyngebiede voor nie.

Habitat en groeivorm

Die groeiplek bepaal in 'n groot mate die groeivorm van Wildevye. Gerieflikheidshalwe kan vier groep onderskei word:

a. Bome

Hierdie groep kom veral im klowe en rivieroewers voor en sluit ondermeer soorte soos F. sycomorus en F. sur in.

b. Wurgers

F. thoningii, F. natalensis en F. craterostoma is bekende voorbeelde hiervan. Hulle begin hulle lewe as kiemplante in die mik van 'n reeds gevestigde boom en verwurg die stutplant tot dit dood is. Uiteindelik staan die vy in die plek van die stutplant en is daar geen teken van die plant wat oorspronklik daar gegroei het nie.

c. Rotsbrekers

Hulle kom op rotse en klipkoppies van warm, droë dele van die land, soos byvoorbeeld Noord en Oos-Transvaal asook Noord-Oos Kaap en Namibië voor. Mooi voorbeelde hiervan is F. tettensis, F. abutifolia, F. ilicina en F. glumosa.

d. Moerasbewoners

Die toestande waaronder hierdie groep vye groei is nie altyd moerasagtig nie maar hulle verkies nietemin 'n baie vogtige habitat. So byvoorbeeld word F. capreifolia tussen riete en in die water van Oos-Transvaalse riviere soos die Olifants en Blyde aangetref aangetref. Ficus verruculosa is 'n taamlik onbekende verteenwoordiger in moerasagtige dele van Noord-Zoeloeland. Ficus trichopoda met sy besonder groot blare en stutwortels kom volop in kusmoerasse vanaf Durban tot Kosibaai voor.

Die wurgers en rotsbrekers is waarskynlik die mees geskikte groepe om te bonsai.

Groepering en identifisering

Die Suid-Afrikaanse vye word onderverdeel in drie subgenusse, Syciduim, Sycomorus en Urostigma.